

14 Julie - LEWE

Skrifgedeelte: Levitikus 20:23-27 (OAV/NAV)

Fokusgedeelte: Levitikus 20:26

Die hele boek Levitikus handel oor die reëls wat die volk met betrekking tot die gemeenskap met God moes nakom. Levitikus dui dus die weg na heilige gemeenskap met God vir die volk Israel aan.

Die woordjie *heilig* beteken om afgesonder te wees. Dit beteken om anders op te tree as die res.

God het ons wat Hy gekies het, heilig verklaar en ons dus vir Hom afgesonder. Ons behoort aan Hom, en dit maak ons anders as die res van die wêreld. Ons ontvang van God sy voorskrifte en raad in sy heilige Woord, sodat ons mag weet wat sy wil is en dat ons dan daarvolgens kan lewe.

Waarom moet ons hierdie dinge nakom en doen wat die Woord van God ons beveel? Omdat ons die verlossing in ons Here Jesus Christus verkry het daardie dag op Golgota toe Hy aan die kruis sy lewe vir ons afgelê het. Ons is deur sy bloed heilig verklaar. Ons kom die verordeninge van God na omdat ons reeds heilig is, en daarom in dankbaarheid as uitverkorenes lewe, soos afgesonderdes vir Hom.

Ons moet dus ons lewens so inrig dat ons hele bestaan getuig van God se heiligheid en dat Hy daardeur geëer kan word. Ons mag nie meer gelyk wees aan die wêreld en ons eie sondige natuur nie, maar ons moet so lewe dat die wêreld kan sien wie ons God is en dat ons Hom dien.

Ons moet heilig wees in Christus, want God Drie-enig is Heilig.

Sing: Psalm 34:5 (1936-beryming)

Teol. Student Riekert Pelser